

Qua Vadis?

EVANGELISASIEBLAD VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA

Geregistreer by die poskantoor as nuusblad

NR. 117

Uitgegee deur die Deputate vir Evangelisasie van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, Posbus 20008, Noordbrug 2522, Potchefstroom en gedruk deur die Potchefstroom Herald (Edms.) Bpk., Posbus 156, Potchefstroom 2520.

In Christus se lyde - Net 'n kykie

Veroorloof my 'n kort gesprek met u wat in lyde is. Mag ek maar net hier by u kom sit?

Lyding

Kom ons gesels oor lyding wat ons skryf met 'n 1-a-n-g "y". Dit klink en lyk al klaar of dit maar net moet aanhou en aanhou — asof daar nooit 'n einde sal wees nie. Dit is iets alledaags. Maar is dit nie ook vir u snaaks dat, as ons nie self in daardie bootjie van lyding vaar nie, dan leef 'n mens asof dit "my" nooit kan oorkom nie? Ook dit is alledaags.

Die volmaakte Skepper

Wat 'n pragtige ruiker staan hier langs u? Kyk hoe perfek is elkeen van die blomme gevorm en kyk hoe diep kruip die kelk in die melkweit blare in. Is dit hoe 'n aronskelk lyk? Nou die dag het ek gelees dat die wyse en ryke koning Salomo in al sy heerlikheid nie bekleed was soos 'n lelie van die veld nie. Waar het dit nou weer gestaan? Hier is dit: Matteus 6:29. Hoeveel keer het ek nie nou al daarvoor gesit en dink dat as die blomme van die veld so pragtig is en so volmaak in ons oog is, hoe volmaak en wonderlik moet die EEN nie wees wat die blomme gemaak het nie?

Hy, deur Wie alles ontstaan het (Joh. 1:3), het van Homself gesê, dat meer as Salomo is hier. (vgl. Luk. 11:31). Wie kan dan so gans volmaak wees soos Hy?

Nie 'n heldedood nie

Verseker sal dit vir u troos inhou as ek vir u sê dat Hy die uitnemendheid van lyding geken het. Deur Sy lyding het daar vir ons in ons lyding antwoorde gekom. Dit is so, omdat Hy die beker van ware smarte moes drink. Christus het nie 'n heldedood gesterf soos 'n veggeneraal tussen sy leëmagte nie. In die eensaamheid het Hy geworstel tot die dood toe: "My siel is diepbedroef tot die dood toe".

In Sy lyding skuif die gordyn so 'n bietjie oop, sodat ons kan sien dat die beker van smart wat Hy moes drink, vir ons omskep is in 'n beker wat ons met danksegging kan seën. Een van Sy dissipels het Hom verraai en 'n ander een het Hom verloën, maar die ergste van Sy lyde was seker die feit dat Hy as God alwetend is en desnieteenstaande het Hy Homself gewillig in ons plek gestel.

Die volmaaktheid van die blom kan ons nie begryp nie. Hoe sal ons dan ooit die volmaakte lyde van die Skepper van daardie blom kan begryp? Sy lyde lê daar diep tussen die kelkblare waarvan ons so weinig merk.

In groot skuld

Ons is as mens in onself baie swaar in die skuld voor God. Dit is al so vanaf Adam en Eva se tyd. God het aan hulle gesê dat hulle mag van al die bome van die tuin van Eden vrylik eet, maar van die boom van kennis van goed en kwaad, daarvan mag die mens nie eet nie. As hy daarvan eet, sal hy die dood sterwe. Ons lees dit in Genesis 2:16 en 17. Tog het die mens daarvan gaan eet waardeur ons in sware skuld voor God gekom het. Daarom moet ons ook die dood sterf. Om dié rede het daar ook siekte en lyding op die aarde gekom waardeur die mens sal sterf. Ons skuld voor God is in wese dat ons in die dood beland het.

Ware God en ware mens

Hier kom Christus nou in. Hy kom staan langs ons in die lyding en dood. U onthou dat dit

die mens is wat gesondig het en daarom is dit die mens wat moet betaal. Om hierdie rede is Christus deur die Heilige Gees uit 'n vrou gebore — ware God en ware mens. Uit 'n maagd is Hy gebore. Hy moes mens wees om vir ons skuld te kan betaal, maar dan moes Hyself sonder skuld wees. Daarom het die aardse regter Pilatus Sy onskuld bevestig toe hy uitspraak gegee het: "Ek vind geen skuld in hierdie man nie." (Luk 23:4). Pilatus het selfs gesê dat Jesus sonder sonde is. Hierdie uitspraak lees ons in Matteus 27:24. "Ek is onskuldig aan die bloed van hierdie regverdige man; julle kan toesien." Dit is ware lyding om onskuldig te ly. Ons wat altyd skuldig is... ons lyding kan ons dus verstaan.

Borg staan

By Christus was dit ook dan nie maar lyding terwille van lyding nie. Hy het ook nie 'n tugroede nodig gehad nie. **Hy het die toorn van God oor ons sonde** kom wegneem. Hy het die dood oorwin deur op te staan uit die dood. Hy het as Borg ons skuld kom betaal. Ons lees in Hebr. 7:22 dat Jesus van 'n beter verbond borg geword het. Nou weet ek dat ek maar in lyding gedompel kan word, want Christus het die toorn uit my lyding voor die Vader kom wegneem. My verlossing is nog wonderliker as daardie aronskelk, want waar ek die ewige dood moes sterf, weet ek nou dat ek in Christus opgewek is tot 'n nuwe lewe. Ek is opgewek uit die dood en as ek in Hom glo, sal ek lewe al het ek ook gesterwe. (Johannes 11:25).

Troosvolle genade

My troos is nou in my lyding, wat maar so 'n ietsie is van Christus se lyding om my ontwil. My troos is dat Hy nie vir my kwaad is, omdat Hy soveel smart onskuldig om my ontwil ondergaan het nie, maar dat Hy selfs my nog toeroep:" **KOM NA MY TOE, ALMAL WAT VERMOEID EN BELAS IS, EN EK SAL JULLE RUS GEE. NEEM MY JUK OP JULLE EN LEER VAN MY, WANT EK IS SAGMOEDIG EN NEDERIG VAN HART EN JULLE SAL RUS VIND VIR JULLE SIELE, WANT MY JUK IS SAG EN MY LAS IS LIG.**" Druk maar hierdie woorde van Matteus 11:28 tot 30 aan u bors en vertroetel dit, want dit is werd om aangeneem te word.

Wat 'n voorreg om Christus in my lyde te ken!

Andries Mulder.

KAN JY JOU LYDE DRA... ?

Ek wil nie vir jou vra of jy ly nie. Jy is 'n mens — en om mens te wees, is om te ly. As jy my nie wil glo nie, lees Genesis 3 in die Bybel. Daar word vertel van die sonde van die eerste mensepaar, Adam en Eva, wat in ongehoorsaamheid nie na God wou luister nie. Daar word vertel van die verskriklike gevolge van hierdie sonde: die LYDE wat die mens en die ganse skepping getref het. Sedert die sondeval is die mens kort van dae en sat van onrus (Job. 14:1).

Daarom vra ek nie vir jou of jy ly nie...

HOE DRA JY JOU LYDE?

Wat ek vir jou wil vra is: Hoe dra jy jou lyde? Dra jy dit met 'n opstandige hart? Is jy een van die mense wat God van onregverdigheid en liefdeloosheid beskuldig, omdat Hy dit durf waag om jou te laat swaar kry? Dra jy jou lyde met verharding? Is jy een van die onverskilliges wat jou rug op die Here draai, op jou tande kners en vir God sê: ek sal met my sondige lewe voortgaan? Is jy een van hulle wat met Stoïsynse gelatenheid soos 'n pakesel jou lyde dra met die sugtende gedagte: ek kan tog niks daaraan doen nie?

Is jy een van hulle wat die **hande in die lug gooi** en maar liever wil sterf, omdat jy dit nie langer kan dra nie? Indien dit so is wil ek net sê: al hierdie metodes van kruis dra is radikaal verkeerd!

HOE MOET MENS JOU LYDE DRA?

As jy belangstel in hoe om jou lydensjuk te dra, moet jy saam met my die Bybel oopslaan by Filippense 4 vers 13. Ons lees daar: "Ek is tot alles in staat..."

Die man wat hier praat is Paulus. Hy sê hy is in staat om alles te dra. Uit die teksverband blyk dit dat die "alles" waarvan hy hier praat al die lyde en smarte en ontberinge is wat hy as mens, as Christen en as dissipel in diens van Jesus Christus, moes dra.

Nou sê Paulus: ek kan dit dra. Moet tog nie dink Paulus praat groot nie. Aan die Romeine skryf hy: "Ons roem in die verdrukkinge." (Rom. 5:3). Aan die Korinthiërs skryf hy: "Daarom gee ons nie moed op nie." (2 Kor. 4:16).

As u miskien dink dat Paulus hierdie dinge maar net geskryf het sonder om dit uit te voer, lees dan Handeling 16 waar Paulus en Silas in die tronk lofliedere tot eer van God gesing het.

Van Job lees ons dat hy sy geboortedag vervloek het toe die kruis te swaar geword het (Job. 3). Van Elia lees ons dat hy moedeloos onder die besembos gelê het (1 Konings 19), maar ons lees nooit dat Paulus moedeloos geword het nie; intendeel, hy sing: "Ek is tot alles in staat..."

DIE GEHEIM OM JOU LYDE TE DRA

Wat was die geheim van Paulus se krag? Hy sê in Filippense 4 vers 13: "Ek is tot alles in staat **deur Christus wat my krag** gee". Jesus Christus was die geheim van Paulus se optrede. Net soos die wynstok voortdurend sap in die ranke inpers, so is die krag van Jesus Christus in Paulus ingepers.

Deur die **geloof** is die krag van Christus in Paulus ingestort, want hoe meer ons deur die geloof toevlug tot Christus neem, des te meer is ons in staat om ons lyde met berusting te dra. Deur die gebed is die krag van Christus in Paulus ingestort "omdat God sy genade en die

Heilige Gees alleen aan diegene wil gee wat Hom met hartlike sugte sonder ophou daarom bid" (Kategismus Vraag 116).

Deur die **Woord van God** is die krag van Christus in Paulus ingestort. Paulus het sy Bybel getrou gelees en daarom skryf hy ook aan die Tessalonisense: "Verag die profesieë nie." (1 Tes. 5:20). Die krag van Jesus is ook **in** Paulus ingepers in die weg van tere, godsalige lewenswandel. Paulus het so innig **met** die Here gewandel dat hy aan die Filippense skryf dat die lewe vir hom Christus is (1:21).

KAN EK MY LYDE OOK SO DRA?

Jy sal nou vir my sê: Dis alles baie mooi, maar ek is nie Paulus nie. Jy maak 'n groot fout as jy so praat. Paulus was nie 'n supermens nie. Hy was 'n sondaarmens. Hy was net soos jy wat hierdie woorde lees. Hy wou totaal niks met die Kerk te doen hê nie (lees Handeling 8:1, 9:1).

God moes hom inbreek op die pad na Damaskus (lees Handeling 9:3 e.v.). Toe Paulus ingebreek is, het hy bewend, verbaas gevra: "Here, wat wil U hê, moet ek doen...?" Dis hierdie woesteling wat in ons teksverse sê dat hy tot alles in staat is.

Hou nou daarom op om te sê dat jy nie daartoe in staat is nie. Paulus skryf in 1 Timoteus 1:15: "Dit is 'n betroubare woord en werd om ten volle aangeneem te word, dat Christus Jesus in die wêreld gekom het om sondaars te red van wie ek die vernaamste is."

Soos God vir Paulus as vernaamste sondaar genadig was, **wil God jou ook** genadig wees. Neem jou toevlug na Jesus Christus, wat aan die kruishout van Golgota gesterf het, om jou uit die mag van die duiwel en die sonde te bevry. Hy is die Seun van God wat uitnooi: "Kom na My toe almal wat vermoeid en belas is, en Ek sal julle rus gee." (Matteus 11:28).

"As ons ons sondes bely, Hy is getrou en regverdig om ons die sondes te vergewe en ons van alle ongeregtigheid te reinig." (1 Johannes 1:9). Jesus Christus sal jou die krag skenk om jou lyde met berusting te dra...

AS JY NIE JOU LYDE WIL DRA NIE

As jy egter voortgaan met jou onbekeerde lewe buite Jesus Christus — as jy voortgaan om jou rug op God te keer — as jy nie die taal van die lyde wil verstaan dat die Here jou tot inkeer roep nie — sal die Here vir jou eendag saam met die goddelose sê: "Gaan weg van My af, julle vervloektes, in die ewige vuur wat berei is vir die duiwel en sy engele." (Lees Matteus 25:31-46).

C. J. Malan.

Spieëlbeeld of werklikheid

Wanneer mens met lyde in hierdie lewe te doen kry, ontstaan daar baie "waaroms".

Een van die baie "waaroms" is wat u miskien ook al gevra het; miskien is dit die oorsaak dat u nie meer glo nie: as daar dan 'n God is, waarom moet ek dan so swaar ly?

Op hierdie vraag kan 'n antwoord verkry word deur allerlei menslike spitsvondighede. Maar die beste antwoord vind ons vanaf God self. Dit staan in Sy Woord: "Want nou sien ons deur 'n spieël in 'n raaisel, maar eendag van aangesig tot aangesig. Nou ken ek ten dele, maar eendag sal ek ten volle ken, net soos ek ten volle geken is." (1 Kor. 13:12).

ONS UITSIG WORD BELEMMER

Daar is baie dinge van die Godsbestuur wat ons nie met ons verstand kan verklaar of met ons gevoel kan rym nie. Êrens word ons uitsig op sake belemmer en dit geskied op twee maniere.

Wanneer mens in 'n spieël kyk, is alles andersom: wat links is, is regs. Hoe vreemd lyk 'n persoon wat jy goed ken soms in 'n spieël. Jy sien hom andersom.

So ervaar ons ook die werklikheid in 'n spieëlbeeld. Dit wil sê, net andersom as wat dit werklik is. Die geheim is dat ons moet leer om die spieëlbeeld wat ons sien, te vertolk. Ons moet leer om dit te "vertaal" en dit kan ons nie met ons verstand doen nie. Ons kan dit alleen in die geloof doen. Die geloof vertolk 'n skynbare teenstrydigheid as iets wat sin en betekenis het. Deur die geloof kon Paulus die doring in die vlees verklaar as iets goeds, al het dit hom baie leed en smart aangedoen.

Ons uitsig word op 'n tweede manier belemmer:

Die ou tyd se spieëls was slegs gepoleerde metaalspieëls. Die prentjie wat dit weerkaats het, was maar dof en onduidelik. Presies só is ons uitkyk op sake: onduidelik... onvolkome., want hier op aarde ken ons maar ten dele. Ons kennis is broksgewys en fragmentaries. Ons kan nie altyd die verband van dinge raaksien nie. Ons bemerk nie altyd die oorsaak daarvan of die doel daar agter nie.

Vandaar die baie raaisels. Ons ken ten dele, ons ken onvolkome en ons kennis is begrens. Daarom sal ons ook nooit op aarde volle oplossings hê vir al die raaisels nie. Dit is soos wanneer 'n mens 'n stok in water steek. Die stok is reguit, maar wanneer jy hom in die water steek, lyk hy krom.

So sien ons ook God se werke. Die Bybel sê: "God is goed in al sy weg en werk" — m.a.w. die "stok" is reguit, maar in die stormwaters van hierdie lewe lyk hierdie "reguit stok" so dikwels krom.

DIE ENIGSTE ANTWOORD

Die enigste antwoord op al die "waaroms" is DIE GELOOF. Ten spyte van alle onsekerhede en raaisels van sy sware beproewings het Job nog uitgeroep: "Ek weet dat my Verlosser leef". Dit kon hy alleen in die geloof sê, want die geloof bring sekerheid te midde van alle raaisels en skynbare teenstrydighede. Die geloof in Jesus Christus, die Oorwinnaar oor sonde en satan, oor graf en dood!

Deur Jesus Christus is ons met God versoen. Ons is aan God gebind met bande van liefde. Al ken ek ten dele, God ken ten volle. Hy ken my in volmaakte liefde en trou. Dit moet ek glo, want dan kan ek die raaiselagtige spieëlbeeld van hierdie lewe met al sy moeite en verdriet,

met al sy smarte en smaad **vertolk**. Ek kan Gods liefde ook daarin sien.

Eendag, in die hiernamaals, sal ek van aangesig tot aangesig sien. Dan sal ek ten volle ken. Dan verander al my "waaroms" in "daaroms"!

P. J. J. van der Walt.

Nie dat ek dit sê uit gebrek nie, want ek het geleer om vergenoeg te wees met die omstandighede waarin ek is.

Ek weet om verneder te word, ek weet ook om oorfloed te hê ... Ek is tot alles in staat deur Christus wat my krag gee.

— Filippense 4:11-13.

DIE GEHEIM VAN LYDING

Die "waarom" en "waartoe" van lyding is seker een van die kwellendste vrae van die lewe. Hoe dikwels is dit die oorsaak van ernstige sieleworsteling in die siekekamer, in eensaamheid, in beproewing en in vernedering!

Blykbaar was dit ook vir die lesers van Jakobus se brief 'n probleem (lees Jak. 5:7-11). Uit die hele brief kan ons aflei dat hierdie mense baie vernederings, bespottings en vervolgings moes deurstaan. Geen wonder dat hulle dikwels in moedeloosheid verval het nie. Hulle, wat die evangelie van vrede aangeneem het, moet nou ondervind dat daar vir hulle geen vrede is nie...

Jakobus **vermaan** eers hoe die gedrag van die gelowige onder lyding moet wees en daarna vertroos hy deur te wys op die einddoel van God met die lyding.

GEDRAG ONDER LYDING

In die eerste plek word geduld geëis: "Wees dan geduldig, broeders, tot op die wederkoms van die Here".

Neem die boer as voorbeeld van hierdie wagtende geduld. Hy moet kan wag en geduld beoefen as hy wil oes. Hy kan wel ploeg en saai, maar dan lê die saad in die aarde. Dan moet hy dit aan God oorgee, wat die vroeë reën moet laat val. Daardeur sal die saad ontkiem en opkom. Daarna moet hy nog steeds geduld beoefen, want voordat dit nie die laat reën ontvang het nie, sal die vrug nie swel en ryp word nie.

So is dit ook in die geloofslawe: die kroon van die geloof, die vervulling van die hoop, lê eers in die toekoms. Intussen word van ons geëis dat ons in druk en in vernedering ons kruis moet dra, stil wees, wag, ver wag — in blye onderwerping aan die Here.

Hierdie geduldige wag onder lyding beteken geen passiwiteit, lamlendigheid of fatalisme nie, maar die gelowige is daarin druk besig. Daardeur word sy hart versterk en sy oog gerig op die wederkoms van die Here.

PASOP VIR KLAAGSIEKHEID

Hy wat onder beproewing altyddeur sug en kla, val onder dieselfde oordeel as hy wat ander verdruk. Die gelowige mag nie aan klaagsiekheid ly nie. Hy is ook geen krom figuur wat onder sy laste wil beswyk nie. Hy weet dat "die Here die regspraak van die ellendige, die reg van die behoefdiges sal behartig." (Ps. 140:13).

Asof die voorbeeld van die landbouer nie genoeg is nie, wys Jakobus nog na "die profete wat in die Naam van die Here gespreek het."

Dis nie die vuisvegter of gladde tong, wat almal opsy druk, wat u en my voorbeeld is nie, maar die geloofsheld is hy wat getrou ly en wag in geloof.

- Veel eerder 'n Abraham wat onwrikbaar vashou aan God se Woord, maar die minste is deur Lot die beste deel van die land te laat kies.
- Veel eerder 'n Moses met sy spraakgebrek.
- Veel eerder 'n Dawid wat kan sê: "Daar's buiten U, terwyl ek so bitter ly, geen hulp te wagte." (Ps. 22.5).

Al hierdie geloofshelde het heengewys na Jesus Christus wat sy mond nie oopgemaak het nie. Hy is u Voorbeeld. Kyk na sy lyding en lankmoedigheid.

DIE EINDDOEL VAN DIE LYDING

Hier dien Job as voorbeeld. Hy het gely, wagtend in die nag van raaiselagtigheid op die Here alleen. Van die tweegesprek tussen God en Satan het hy niks geweet nie (lees Job 1). Vir hom was sy beproewing 'n raaisel en wat was die einde van die raaisel, die einde van die lydensweg van Job?

Ons het die einddoel van die Here met Job gesien "dat die Here vol medelye en ontferming is." Lees maar die einde van die boek Job en kyk hoe ryklik het God hom geseën, maar sy beproewing het Job gevorm vir die koninkryk van God. Hy moes uiteindelik erken

- dat die Here volle eiendomsreg oor die mens het,
- dat Hy met die mens kan maak wat Hy wil,
- dat vrae soos: verdien ek hierdie lyde, glad nie pas in die woordeskat van 'n gelowige nie.

HELD VAN GOD

Lieflik staan Job in die lig van God se openbaring. Sy lydensbeeld lyk soos die beeld van 'n held van God, 'n worstelaar en 'n oorwinnaar in sy lyde, geduld en verwagting.

Job, 'n wurm, geen man meer nie, in smarte, in swere, vernederd, maar hy is mooier as die mooiste wêreldling. God het hom mooi gemaak. Hy het bekoorlik geword deur sy beproefde geloof en lydsaamheid. Het u die einddoel van die Here met Job gesien? Hy kon die heerlijkheid van God eers goed sien toe sy oë vol tranes was.

Daar het u die heerlike ligstraal in die duisternis van die lewensprobleem. Die teoretiese kennis van die oplossing van die geheim van lyding is egter nie genoeg nie. Die Here vra dat ons hierdie antwoord in die praktyk van die lewe sal uitleef.

Laat ons die lyding uit die hand van die Here geduldig, maar ook aktief aanvaar, wetende dat die kastyding op die oog af geen saak van vreugde is nie, maar dat die einddoel van die Here veel heerlijkheid inhou.

Hier toe sterk die Here almal wat in die smeltkroes gewerp word — ook vir jou.

Thinus du Plessis.

IN MY LYDE — 'N DANKIE

Kom ons gaan uit van die standpunt dat ek en u, albei kinders het. Ons het hulle ook baie lief. Hoekom ons hulle so lief het, kan ons ook nie verklaar nie. Nie een het ons tog geleer dat ons ons kinders moet liefhê nie. Dit kan dalk wees omdat ons in soveel liefde opgegroeï het, dat ons daardeur die egte liefde aangeleer het deur die voorbeeld van ons ouers en dierbares. Dit kan dalk ook wees dat ek sonder liefde opgegroeï het en die stampe en die stote van die lewe van jongs af aan moes verduur, dat ek my daarom voorgeneem het dat my kind nooit eendag ook so liefdeloos in die lewe moet opgroeï nie.

God is liefde

Van mens tot mens sê ons vir mekaar, as ons mekaar baie goed ken, dat ek jou lief het. Ek het lief, maar van God is dit so baie anders as by ons. God het nie net lief nie... God IS liefde. Liefde is deel en EEN met Sy wese.

Onthou nou waarom ons nou net met mekaar gepraat het. Ons gaan nou die onderwerp so 'n bietjie wysig om aan die einde weer terug te kom na waarom ons so pas gepraat het.

Is ons wat ons kinders liefhet werklik in staat om tot die uiterste oor te gaan en hulle te vergiftig? Sal ons vir hul 'n beker gif kan inskink en hulle dit indwing? Ek kan dit vir geen oomblik my indink nie.

God het my lief

God is ook ons Vader in die geloof. Hy het ons so lief dat Hy sy enigste Seun, Jesus, laat sterf het om vir ons sonde te betaal; lees dit maar gerus in Joh. 3:16. God het nie maar sonder enige rede sy Seun laat sterf nie. Daar was geen ander manier waardeur ons kinders van God kon word — aan hulle wat in sy Naam glo nie." Christus het dus gesterf, sodat ons tot kinders van God aangeneem kan word.

So het God dan uit grote guns en liefde alleen ons Vader geword. So lief het Hy ons gehad, dat sy eie Seun moes sterf terwille van ons. Wat 'n ontsaglike groot liefde is dit dan nie?

God help my

Dink u nou dat God, onse Vader, in staat sal wees om ons as mens te vergif deur beproewinge heen? Dit glo ek beslis nie! As my kind siek is, dan gooi ek vir hom, op voorskrif, medisyne in wat hy moet drink. As daardie kind weier om dit te drink, dan dwing ek hom dit in, want dit is alleen tot sy eie beswil. Dit maak dus nie aan my as ouer saak of die medisyne in die smaak van my kind val, al dan nie. Ek weet as ouer veel beter as hy wat hy nodig het. As hy egter die medisyne gedrink het, dan sal ek hom daarna iets gee wat in sy smaak val.

So weet God ook veel beter as ek wat ek nodig het, omdat Hy my Vader is. So beproef Hy my ook met die keurigheid van Sy kennis in Sy heilige alwetendheid. Wat 'n voorreg om te kan weet dat die Here weet wie Hy kan beproef en tot watter mate Hy ons kan beproef... dat ons Vader ook weet watter kruis ons in staat is om te kan dra... dat Hy ons ook nie 'n kruis sal oplê wat ons onder die las daarvan sal laat beswyk nie... hoe groter die beproewing, hoe groter ook die genade aan ons.

In eensaamheid — God met my

Is dit nie vir u ook vreemd dat die lydenskruis so dikwels in geweldige eensaamheid gedra moet word nie. So het ook Abraham, die vader van al die gelowiges, die ontsettende opdrag gekry om sy enigste kind, wat op hoë ouderdom uit sy dooie lendene voortgekom het, te gaan

offer op Moria. Ons lees die geskiedenis in Genesis 22. Ook daar het hy toe aan sy dienaars gesê dat hulle op die bepaalde plek moes vertoef, terwyl hy en die seun alleen verder sou gaan. Daardie laaste smart moes hy alleen deurworstel. Tog moes hy ervaar dat God die seun gespaar het. God was by Abraham in die beproewing en God het ook alles opgemerk wat daar gebeur — dat Abraham ten volle in die geloof aan God gehoorsaam was.

God voorsien ons

Daardie laaste trek van die mes wat God vir Abraham gespaar het, het HY homself nie gespaar nie. By die tuin van Getsemané het Jesus ook Sy Moria gehad om alleen te bestyg. Ook Hy moes aan Sy dissipels sê, bly julle hier onderwyl Ek daar gaan bid. — net soos in die geval van Abraham, maar toe was daar nie 'n "ram" wie se horings vasgeraak het nie. Daardie Godsbesikking moes nou Self geoffer word. God offer sy Enigste Seun en trek die laaste snit met die mes om die lewe af te sny.

Hoe lief het God ons nie!

Niemand het die moed gehad om te bly staan en kyk hoe die Vader daardie laaste snit maak om die lewe af te sny nie. So lui Markus 14:50: "Toe het almal Hom verlaat en gevlug."

Nou weet ek dat, al is die beker van my lyding ook hoe bitter, net soos by Abraham, is God voortdurend by my en Hy sien my. My lydensbeker is ook nie vol gif nie. Daardie beker is in die hand van my ewige Vader wat veel beter as 'n aardse vader weet wat ek nodig het, om in die ewige lewe behoue te bly. (Joh. 10:28): "En Ek gee hulle die ewige lewe, en hulle sal nooit verlore gaan tot in ewigheid nie, en niemand sal hulle uit my hand ruk nie."

Die beker van my lyde wat ek moet drink, is op sigself nie die doel nie. Die doel is om my met goeie "gesondheid" te vervul vir die lewe in ewige duurte. So kan ek genees word van 'n ewige "siekbed" in die doderyk. Dit kan my ook bewaar van die sonde van losbandigheid waardeur ons God so maklik in die vergetelheid bring.

God soek my

Die HAND met die medisyne durf ons nooit wegdruk nie. Dit is 'n hand wat na my uitgesteek is in liefde, met 'n beker wat gevul is tot my behoudenis, al is dit ook hoe bitter. God het alreeds volgens Genesis 3:9 die mens begin opsoek toe die mens deur die sonde van Hom af weggevlug het: Waar is jy? So soek God ons vandag nog deur Sy Woord en Gees en as God my dan soek, waar is ek dan? God het nog net vir Christus verlaat, sodat ons nimmermeer deur Hom verlaat sal word nie.

Waar is jy, my Vriend en Vriendin?

Ek loof God

Voor ek verder gaan, kom ons sing saam Psalm 25:2:

"Leer my HERE U regte weë wys die regte pad my aan; maak my hart daartoe geneë, om met lus daarop te gaan. Wil my deur U waarheid leer, lei my dwalende gedagte; want U is my heil, o Here! U is ek altyd te wagte."

Deur en in my beproewing en in my lyde, bind God my net vaster aan HOM. Vir ons lydensbeker, wil ons net sê: BAIE DANKIE HERE.

Andries Mulder

U VRA:

Is die lyding van die huidige tyd nie te swaar nie?

DIE ANTWOORD

Want ek reken dat die lyding van die teenwoordige tyd nie opweeg teen die heerlikheid wat aan ons geopenbaar sal word nie.

— Rom. 8:18.

U VRA:

Waar sal my hulp vandaan kom?

DIE ANTWOORD

My hulp is van die HERE wat hemel en aarde gemaak het. Hy kan jou voet nie laat wankel nie; jou bewaarder kan nie sluimer nie.

— Psalm 121:2, 3.

DIT IS BETER . . .

*Dit is beter om by die HERE te skuil
as om op mense te vertrou.*

*Dit is beter om by die HERE te skuil
as om op edeles te vertrou.*

*Ek sal nie sterwe nie, maar lewe en
die werke van die Here vertel.*

— Psalm 118:8, 9, 17.

Want U laat my lamp skyn;

die HERE my God

laat my duisternis opklaar.

*Want met U loop ek 'n bende storm,
en met my God spring ek oor 'n muur.*

— Psalm 18:29, 30.